Bylaag 4: Die Tabel van Nasies en die Toring van Babel.

Die Tabel van Nasies
Volgens die hernude heerskappy-mandaat wat aan Noag na die vloed gegee is (Genesis 9:1, 7), moes die afstammelinge van Sem, Gam en Jafet oor die aarde versprei. Hierdie afstammelinge het die vaders van baie nasies geword (Genesis 10:2-32).
'n Ander interessante toevoeging tot die verhaal word in Deuteronomium 32 gevind. Dit blyk dat 'n aantal hemelwesens ‘n vorm van heerskappy oor verskillende nasies en gebiede ontvang het.

Deuteronomium 32:8 Toe die Allerhoogste die nasies hul erfenis gegee het, toe hy die mense in twee verdeel het, het hy die grense van die volke bepaal volgens die getal van **die seuns van God**.

Dit word ook bevestig deur die profesie van Daniël waar daar gepraat word van sekere owerhede in die hemelse realms. Daniël noem byvoorbeeld die ‘prins van Persië’ (Daniël 10:13), die ‘prins van Griekeland’ (Daniël 10:20) en ‘Migael die prins van jou volk’ (Daniël 10:21; 12:1). Uit Daniël se profesie blyk dit dat sommige van hierdie owerhede vyandig teenoor YAHWEH en sy planne geword het, waarskynlik onder die invloed van Satan.

Dit word ook in die NT bevestig deur gedeeltes soos Efesiërs 3:10, 6:12 en Kolossense 2:15. Hierdie gedeeltes praat van heersers, magte, owerhede en geestelike magte van boosheid in die hemelse realms, ensovoorts.
Daarom kan mens veilig aflei dat die rebelle op Babel nie net oor nasies gegaan het wat geweier om te beweeg nie. Dieselfde vyand van YAHWEH wat in die tuin van Eden aan die werk was, sowel as in die gedagtes van die rebelse hemelwesens voor die vloed, was weer eens aan die werk by die Toring van Babel.

Die Toring van Babel
In plaas daarvan om oor die aarde te versprei, soos wat die HERE beveel het, het die volke besluit om by die terrein in Sinar, waar die Bybelse stad Babilon is, te vergader. Hulle het begin om vir hulleself ‘n *toring na die hemel* te bou, totdat God hulle verstrooi het deur hulle taal te verwar.
Vergelykbare strukture met die een wat by Babilon gebou is, kan steeds oral in Mesopotamië in die omgewing van die oorspronklike Toring van Babel gesien word. Hierdie strukture word zigguratte genoem. Hulle het die vorm van 'n vierkant met 'n plat bokant, en dan kleiner vierkante bo-op.

Aan die kante van so 'n struktuur is 'n trap of trappe wat na die kleinste vierkant bo-op lei, gebou. Aan die onderkant van so ‘n ziggurat sou daar 'n tempel wees. Die idee was dat offers bo-op die ziggurat gebring is, die naaste aan die hemel of die gode. Die gode sou dan afkom om die aanbidders in hulle tempel te ontmoet. Allerlei gruwels en perverse praktyke het dan in hierdie tempels plaasgevind.

Daar word ook soortgelyke strukture in die oerwoude van Suid-Amerika en in Mexiko gevind, waar die Azteke, Inka's en Maya's hulle gode op dieselfde manier aanbid het.

Dit versterk die idee dat die oorsprong of bron van inspirasie vir hierdie religieuse praktyke dieselfde is. Daarom het mense altyd probeer om die gode op hulle eie maniere te bereik. Deur offerande, ekstatiese aanbidding en vele gruwelike praktyke volgens hulle eie verbeelding te bedryf.